**Maandag 25 September**
**Skrifgedeelte: Handelinge 2:1-13**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:1-13**
**’n Nuwe kultuur aangevuur deur die Gees**

By die toring van Babel (Gen. 11) het die Here die mense se taal verwar. Hulle het uitmekaargespat en is verstrooi oor die hele wêreld. Hulle drome van een stad (met ’n hemelhoë toring), een taal, een kultuur, waarin hulle self besluit en bepaal hoe om te lewe, was daarmee heen. Die Here het hulle uitmekaar gejaag omdat hulle sonder Hom wou lewe. Omdat hulle hul norme en lewenswaardes op ’n ander plek gesoek het as by Hom.

Eeue later, by die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2), maak Hy die verstrooides weer bymekaar. Hy vorm hulle tot ’n nuwe volk. Anders as die uitverkore volk van die Ou Testament, kom die nuwe volk uit verskillende dele van die wêreld, met verskillende tale en verskillende kulture. Wat die nuwe volk in ’n eenheid saambind, is hulle geloof in Jesus Christus. Aangevuur deur die Heilige Gees en gebou op die Woord van God, leef hulle nou met ’n nuwe kultuur. Almal wat glo, word deel hiervan.

Om dit ’n werklikheid te kon maak, moes daar eers versoening kom tussen God en mens. Dit was alleen moontlik deurdat ons Here Jesus mens geword op aarde en as Middelaar die prys betaal het wat nodig was om God en mens weer een te maak.

As die nuwe volk van God vra ons nie wat mense wil hê en hoe hulle dinge doen nie. Ons vra na dit wat Hy wil hê en hoe dit lyk in sy koninkryk. Gevul met die krag van die Gees wat in ons werk, bou ons ’n nuwe kultuur wat vas gegrond is in die waarheid van sy Woord. En hiermee loop ons met vaste treë die wêreld in: om te vertel van die groot dade van God en om te roep tot bekering.

*Sing: Skrifberyming 15-1:2, 3, 4*

*Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)*